Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 11 Kaapstad, 25 Junie 1952 Prys 3d. Nr 30.

# MOSKOU SE OORLOGSPLAN AAN LIG GEBRING

Terwyl ongunstige berigte oor Westerse bewapening mekaar in die afgelope paar weke opgevolg het, en die Russe 'n uitdagende houding teenoor sy buurstaat Swede openbaar het deur die afskiet van Sweedse vliegtuie, meld ingeligte waarnemers van agter die Ystergordyn van groot bedrywighede in die Kremlin wat in verband staan met oorlogsbeplanning.

Die Amerikaanse minister van verdediging, Robert Lovett, het voor 'n senaatskomitee getuig dat Amerika besig is om die bewapeningswedloop teen Rusland te verloor. Van die kant van die leër is verklaar dat die Koreaanse oorlog militêre voorrade vinniger verslind as wat dit vervang kan word. Intussen is berig dat sommige Amerikaanse wapenfabrieke tot stilstand kom weens gebrek aan staal as gevolg van die arbeidstaking in die staalbedryf. Deur die hoof van die V.S.A.-lugmag is verklaar dat Rusland Amerika die afgelope paar jaar oortref het met vliegtuigproduksie, veral ten opsigte van spuitvliegtuie.

Intelligence Digest berig deur middel van een van sy kontakte in Moskou dat sedert Maart 'n reeks belangrike konferensies in Moskou plaasgevind het van die hoogste politieke en militêre kringe. Hoewel alle besonderhede van die samesprekings nie uitgelek het nie, kon Intelligence Digest nietemin die algemene rigting van die samesprekings vasstel. **Die oorheersende vraagstuk wat bespreek is, was naamlik in watter omstandighede dit moontlik sal wees om 'n oorlog teen Amerika te waag. Die algemene mening is dat die oorlog nie verder as vyf jaar, maar bes moontlik nader as dit is.**

### HOOFFRONT IN ASIË

Daar is ooreengestem dat die belangrikste front in Asië moet wees, en dat Sjina en Indië daarom van die grootste betekenis is. Deur manne soos Molotof en Malinofski is in dié verband bedenkinge geopper teen sekere onafhanklike neigings in Sjina, wat vinnig op pad is om 'n eersterangse moondheid te word. **Hierdie feit het meegehelp om die besluit te laat val dat Rusland in geen omstandighede hom in 'n oorlog met Amerika moet laat betrek sonder dat Sjina vooraf ingesleep is nie. Slegs nadat Amerikaanse troepe diep in 'n stryd met Sjina gewikkel is, moet Rusland tot die stryd toetree.**

In samehang hiermee is gevoel dat volledige oorwinning in Korea, Indo-Sjina en Birma vertraag moet word totdat beheer oor Indië verkry is. Gevolglik het Indiese kommuniste opdrag ontvang om met alle moontlike inspanning die bewind te laat intuimel. (Verlede week is berig dat 'n Indiese parlementslid in die parlement beweer het dat kommuniste in een Indiese distrik 'n half miljoen pond van Rusland ontvang het vir ondermyningswerk.)

### VERWAG INDIË AS BUIT

**Sodra Indië ingepalm is — wat Moskou binne twee jaar verwag — sal die lonte so aangesteek word in die res van Asië dat Sjina in volskaalse oorlog met Amerika gewikkel sal word.**

Die posisie met Persië is ook bespreek. Aangesien Rusland tans selfversorgend is wat olie betref, is die belangrikste oorweging hier om te belet dat die Weste die Persiese olie in hande kry, en vir dié doel sal grootskaalse vernietiging van oliebronne plaasvind sodra 'n oorlog uitbreek. Rusland sal Persië dan ook probeer beset.

### DUITSLAND

Die besprekings het verder aan die lig gebring dat Moskou die vermoë van Wes-Europa om te bewapen nie geringskat nie en dat die bondgenootskap van Wes-Duitsland met die Weste veral groot kommer baar. **Die gevoel was dat indien die bewapening van Wes-Duitsland werklikheid word, Rusland sy strategie sal wysig deur in Europa toe te slaan selfs voordat Indië by die rooi wêreld ingelyf is.** Maar in elk geval nie voordat Sjina met Amerika in oorlog verkeer nie. Wat die plan presies is kan die intelligensieskakel nie vasstel nie, maar hy het afgelei dat daar 'n besliste plan bestaan wat Sjina binne vier maande nadat so besluit is, in 'n oorlog met Amerika sal wikkel. Binne 'n week nadat dit gebeur, sal Rusland in Europa toeslaan.

Rusland meen om Europa binne drie weke te kan beset tot aan die Pireneë. Brest sal reeds na twee weke val. Italië sal met gemotoriseerde afdelings binnegeval word gelyktydig met 'n binnelandse opstand, indien die land teen dié tyd nie reeds onder kommunistiese bewind is nie.

Met behulp van sielkundige oorlogvoering sal die burgerlike bevolking van Europa aangehits word om so dig moontlik op die paaie te beweeg ten einde Westerse verdediging in die wiele te ry.

### VREES PARTISANE

**Rusland se grootste vrees is partisane-oorlog teen sy verbindings. Hy skat die gevaar so groot dat daar besluit is om vrede met die godsdienstige magte in die besette dele te sluit. Daar sal geen verdere openlike stryd teen die godsdiens wees nie en die samewerking van alle kerke sal gewen probeer word.** Inderdaad is die propaganda hiervoor reeds binne verskillende kerke van stapel gestuur. Onder meer word die lokaas gebruik dat Stalin se opvolger, Malenkof, dan nie anti-godsdienstig sou wees nie en dat na Stalin se dood, wat nie meer veraf is nie, 'n nuwe tydperk vir die kerke sal aanbreek.

Op militêre gebied is twee verdere ontwikkelings vasgestel: **(1) Rusland het 'n nuwe radar-toestel ontwikkel met 'n trefwydte van 1,000 myl, en hierdie instrumente word nou rondom Rusland opgestel ten einde 'n lugaanval deur Amerika uiters moeilik te maak. (2) Belangrike vordering is gemaak met die ontwikkeling van die atoombom as taktiese wapen, en daar word tans meer gedink aan gebruikmaking van die atoombom ter ondersteuning van grondmagte as aan 'n wapen vir die bombardering van stede.**

# S.A. HELP ENGELAND TOT EIE NADEEL

**Die Unie is lid van die sterlinggebied, maar nie van die dollarpoel nie. Hy balanseer self sy buitelandse betalinge. Nogtans probeer die Unie doen wat hy kan om die sterlinggebied uit sy moeilikheid te help, en het hy reeds £10 miljoen uit sy goudreserwes aan Brittanje beskikbaar gestel, het min. N. C. Havenga verlede week in die parlement gesê.**

Suid-Afrika offer op deurdat handelaars gedwing word om goedere net van Brittanje af in te voer wat hulle elders goedkoper kan kry, het die Minister voorts gesê.

Na aanleiding van 'n vraag het mnr. Havenga gesê dat Suid-Afrika nie onherroeplik aan sterling gebind is nie en dat indien die toestand dit verg —wat hy hoop nie sal gebeur nie —Suid-Afrika vry sal wees om sy eie koers te bepaal ooreenkomstig sy eie belange op daardie tydstip.

### TOT ONS NADEEL

Na aanleiding van laasgenoemde saak skryf Die Burger van 17 Junie:

„Die gevaar is natuurlik nie dat die Britse pond sal ineenstort en ons sal saamsleep nie. Voordat dit gebeur, sal ons ons pond kan losmaak. **Die moontlikheid is eerder dat sterling weer ‚matig' gedevalueer sal word en dat ons sal saamdoen in die hoop dat elke devaluasie die laaste sal wees. Naas die voordele wat lidmaatskap van die sterlingblok ons besorg, ondervind ons trouens reeds die nadeel dat sterling die koopkrag van ons pond ondermyn. Solank ons pond vir 'n Britse pond uitgeruil kan word en die Britse pond se koopkrag afneem, kan ons inderdaad nie hoop om ons pond veel meer koopkrag te gee nie.**"

## Waarvoor Gaan S.A. Veg?

**Brittanje is die beskermheer van die Indiërs in Afrika.**

**Brittanje is die beskermheer van die Naturelle op 'n grondslag van algehele gelykheid in Afrika.**

**Gaan Suid-Afrika binne die Britse verdedigingstelsel veg vir 'n geel, 'n swart of 'n wit Afrika?**

**Moet ons regering nie vooraf eise stel vir 'n Afrika wat tussen wit en swart verdeel sal word voordat hy sy seuns stuur om te gaan sneuwel vir 'n geel-swart Afrika terwyl Indië reeds by voorbaat sy onsydigheid in 'n oorlog aangekondig het nie?**

## Britse Oogmerk Met Federasie

'n Midde-Afrikafederasie is noodsaaklik om die verspreiding van apartheid uit die Unie na die noorde te verhoed, het 'n lid van die Londense Midde-Afrikavereniging verklaar. Hy het daaraan toegevoeg dat federasie (van die Rhodesies en Niassaland) die enigste waarborg vir die behoud van die Britse konneksie en versterking van die Britse Statebond is.

Die vereniging is voornemens om die radio in te span vir sy propaganda om die naturelle vir die gedagte van federasie te wen. Die segsman het dit as sy oortuiging uitgespreek dat federasie teen Januarie 1954 bewerkstellig kan word „indien ons optimisties is."

## Naturelle Deel Hoogste Gesag

Die Britse goewerneurs van Kenia en Uganda het so pas vir die eerste maal naturelle opgeneem in die uitvoerende rade van die gebiede. Na berig word, verteenwoordig dit 'n belangrike konstitusionele ontwikkeling wat naturelle in aanraking bring met die hoogste vlak van regeringsbeleid.

# Donker Magte Wen in Afrika Veld

Nuwe inligting in verband met Sowjet-bedrywighede in Midde-Afrika dui daarop dat Moskou groot sukses in verskillende gebiede behaal en dat die hoofstad van Haille Selassie, wat deur Suid-Afrikaanse bloedoffers op sy troon geplaas is, die middelpunt van die kommunistiese verowering van Afrika vorm. Volgens die mededeling van 'n lid van die Russiese gesantskap in Addis Abeba tel die Kommunistiese Party reeds oor 'n miljoen lede in drie Afrika-gebiede: die Soedan, Nigerië en die Ivoorkus.

**Die Sowjet-gesantskap in Addis Abeba, wat die middelpunt van al die bedrywighede in Afrika vorm, het 'n personeel wat net so groot is soos die Sowjet-personeel in Parys. Behalwe die gesantskap hou Rusland daar 'n groot hospitaal in stand wat deur uitgesoekte kommunistiese agente beman is en waarvan die hoofdoel verspreiding van kommunisme is.**

Vanaf Addis Abeba word die ondermynende agente oor die hele Midde-Afrika beheer. Meeste van hulle gaan onder dekmantel van handelaars en word deeglik opgelei vir die soort ondermyning wat hulle moet bedryf.

### VERSKILLENDE GROEPE

Die kommuniste spits hulle toe op vier groepe van mense:

(1) Die Asiate. In hul geval word daar gebruik gemaak van Indiër-nasionalisme. **Aan hulle word gesê dat 'n kommunistiese Indië, met Rusland agter hom, baas in Afrika sal word. 'n Groot getal welgestelde Indiërs val hierdie propaganda ten prooi.**

(2) Die baar naturelle. **By hulle word nie regstreekse kommunisme gepraat nie, maar die invloed van die toordokters word versterk ten koste van die stamhoofde en sendelinge. Berigte dui dan ook daarop dat die mag van die toordokter oral in Afrika aan die toeneem is.** Die groot aantal rituele moorde staan blykbaar in verband met hierdie toenemende invloed. Die toordokters se jaloesie teen stamhoofde en sendelinge word met groot welslae uitgebuit in 'n haat-aanblasingsveldtog teen die blanke.

### SKOKTROEPE

(3) Die naturelle-proletariaat. Hierdie onstamde naturellewerkers in blanke gebiede word met volbloed kommunistiese propaganda bestook, en hulle word deur Moskou as sy skoktroepe in geval van oorlog beskou.

(4) Geleerde naturelle. Hierdie groep neem veral politieke leiding in gebiede soos die Goudkus waar 'n groot mate van selfregering toegestaan is, en is die openlike propagandiste van Moskou.

**Een van die belangrikste feite is dat al die amptenare van die Sowjet-gesantskap in Addis Abeba offisiere van die Rooi Leër is, en dat die hele bedrywigheid in Afrika dus op 'n militêre grondslag geskied. Alles word gedoen met die oog op oorlog.**

## Groot Stede Word Swart

**Die naturellebevolking in die munisipale gebied van Johannesburg het van 173,412 in Desember 1947 tot 487,000 in Desember 1951 aangewas.**

**Dit moet duidelik wees dat as daar nie onverwyld stappe gedoen word om 'n beleid van algehele segregasie deur te voer nie, ons groot stede binne afsienbare tyd swart kolle op die kaart gaan word. In vier jaar het die naturelle in Johannesburg byna verdriedubbel.**

DIE O.B., WOENSDAG, 25 JUNIE 1952

# WAAROM SO LOJAAL?

„Aangesien Wes-Duitsland vinnige aflewering en spesiale dienste kan aanbied, het hy nie alleen baie van sy ou markte in Afrika herwin nie, maar ook nuwes gevind. Na verhouding het hy in twee jaar verder gevorder met die verkoop van masjinerie as enige ander land." So lui 'n berig verlede week in die Engelse pers.

In dieselfde week het mnr. Paul Sauer, minister van spoorweë, in die parlement gesê dat bestellings van die Spoorweë in Brittanje so lank vertraag word dat „as hierdie abnormale vertraging in Brittanje voortduur ek dit ernstig sal moet oorweeg om nie meer Britse tenders te aanvaar nie." **Min. Sauer het voorbeelde genoem waaruit dit blyk dat bestellings wat in die eerste helfte van voorverlede jaar al afgelewer moes geword het, nog nie uitgevoer is nie — twee jaar na die beloofde datum. Op ander bestellings word reeds meer as 'n jaar gewag en in een geval word nou gehoop om elektriese waens wat in 1950 gelewer moes gewees het darem teen 1953 te ontvang.**

Die dag tevore het min. Havenga van sy kant erken dat Suid-Afrikaanse handelaars gedwing word om sekere goedere van Engeland te koop wat hulle elders vandaan veel goedkoper kan invoer.

Hierdie drie openbaarmakings vorm 'n geheel-prentjie wat die ernstige aandag van elke Afrikaner verdien. Vir baie jare het elke nasionaalgesinde Afrikaner hom verset teen die „Buy British"-beleid wat in ons land met soveel nougesetheid toegepas is. In nasionale koerante is daar geprotesteer met syfers aangetoon hoe Britsgesinde stadsrade soos dié van Johannesburg en Kaapstad Britse tenders ter waarde van honderdduisende ponde aangeneem het wat tot twee- en driemaal hoër is as Duitse tenders.

## PIROW VERWYT

In die dertiger jare toe adv. Pirow as minister van spoorweë nie 'n hele bestelling vir lokomotiewe in Duitsland geplaas het nie, dog 'n gedeelte ook in Engeland, het die Nasionale Party hom driftig te lyf gegaan oor hierdie „pro-Britse" optrede. 'n Mens sou dus verwag het dat ons huidige regering 'n handelsbeleid sou volg wat alles behalwe „Buy British" is. **Dit blyk egter uit min. Sauer se woorde dat die Unie ten spyte van uiters swak diens nog al die jare volhard het om voorkeur te gee aan Britse tenders. Al sou hierdie tenders die laagste gewees het, dan nog erken die Minister dat dit „baie voordeliger is om hoër pryse te betaal en die bestellings op die beloofde tyd te kry." Maar nou weet ons dat Duitsland sy spoorwegbenodighede aansienlik laer aanbied as Brittanje. In 1949 het daar 'n groot gekreun in Engeland opgestyg omdat Indië twaalf lokomotiewe van 'n Duitse firma bestel het wat £60,000 goedkoper was as waarvoor die Britse maatskappy getender het. En selfs die Britse pers erken dat Duitsland vinniger aflewer en beter dienste aanbied as Brittanje.**

'n Mens stel dus die vraag: **waarom gaan ons regering uit sy pad om Brits te koop teen groot ongerief en teen hoër koste?** Hang dit saam met die beleid om Suid-Afrikaanse belange op te offer terwille van Britse solventskap? En wat presies beweeg 'n nasionale regering om Brittanje so te begunstig dat die Britse minister van finansies selfs dank uitspreek vir Suid-Afrika se „vrygewigheid" wat alle ander lande oortref? Spruit dit bloot uit oorwegings vir Engelse stemme of word dit gedoen om Londen se guns vir die een of ander doel te wen? Of is Suid-Afrika aan dieselfde druk onderhewig as Australië, wie se eerste minister na Londen ontbied is kort nadat hy aangekondig het dat Australië sy eie belange voorop stel en nie sy handel met ander lande gaan afbreek terwille van 'n twyfelagtige handel met Brittanje nie? **Verlede week het Churchill op 'n vraag erken dat hy met Menzies gepraat het oor die stopsetting van bestellings in dollarlande en oorskakeling na Brittanje.**

**Is ons regering aan dieselfde druk ten opsigte van die handhawing van 'n „Buy British"-beleid onderhewig as wat hy is ten opsigte van die instandhouding van 'n Russiese konsulaat in Pretoria? Indien dit wel die geval is, dan word dit tyd dat die Nasionale Party-leiers dit aan die volk sê, al sou hulle vrees dat die volk dan 'n republiek buite die Britse Statebond sal eis.**

Van Britse kant ontvang Suid-Afrika nie die minste oorweging nie. Volgens 'n berig van Die Landstem se redakteur, wat tans in Londen is, het die Britse regering reeds verlede jaar die Unie-regering in kennis gestel dat hy nie die Protektorate gaan oordra nie. Daar word onder meer ook geskuil agter 'n belofte wat dan in 1896 aan Rhodesië ten opsigte van Betsjoeanaland gegee sou gewees het en dat die Britse regering dus nie die reg gehad het om in 1910 'n belofte aan die Unie te maak nie.

**Dit is hoog tyd vir die regering om sy houding teenoor Brittanje in heroorweging te neem. Dit word 'n baie vernederende toestand wanneer 'n regering skoppe en afjakke kry vir lojale diens, te meer so wanneer daardie regeringsparty voorheen ander verwyt het as hulle dieselfde doen.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *'n Leier van sy Tyd*

Ek is jammer dat ek nie in staat is om Portugees te lees nie. Dan sou ek al die toesprake en artikels van professor Oliveira Salazar gretig gelees het. Nou is ek aangewese op vertalings wat ek gelukkig genoeg mag wees om te bekom. Ek hou van prof. Salazar. Ek beskou dat hy 'n leier is met 'n baie diep insage in die probleme van die mensdom van die twintigste eeu. En dat hy besig is om 'n vername bydrae te lewer tot die oplossing van daardie probleme.

Ek hou veral van Salazar omdat hy beslis nie goedkoop is nie — nie 'n oppervlakkige beroepspolitikus is nie. Hy is 'n denker en 'n skepper — 'n leier wat sy tyd begryp en sy volk verstaan.

Die ondervolgende is 'n paar aanhalings uit 'n toespraak wat hy gelewer het by die vyf-en-twintigjarige herdenking van die stigting van die Nuwe Portugal.

Let op sy beskrywing van die tye waarin ons leef:

„Gedurende die bestek van 'n paar jare het gebeurtenisse plaasgevind, die ontstaan en ontwikkeling waarvan gewoonlik eeue duur. Ons het finansiële, ekonomiese en politieke krisisse ondervind. Ons het burgeroorlog, internasionale en interkontinentale oorloë beleef wat miskien die bloedigste en die mees barbaarse was in die geskiedenis van die mensdom.

### *Nuwe Wêreld Ontstaan*

„Die geaardheid van kontinente het heeltemal verander: Europa is verdeel, verminder en verswak; die Amerikas het ryker, sterker en meer eensgesind geword; Asië het in opstand gekom teen die beskawende heerskappy van die weste en is besig om sy nuutgevonde vryheid te konsolideer onder die leiding van een of ander van sy volke. Wie sal dit wees? Japan? Sjina? Indië? Of Rusland? Afrika verkeer in gisting, vanaf die Suezkanaal tot by die Atlasberge en vanaf die Middellandse See tot by die Kaap die Goeie Hoop. Afrika word in beroering gebring in 'n poging om bestaande toestande te verander, sonder dat daar duidelikheid is oor wat verander moet word en hoe dit verander moet word.

„Hierdie toestande, die meeste waarvan noodlottig was, het tot gevolg gehad die vernietiging van koninkryke, die verdwyning van Empires, die verval van volke, die opkoms van nuwe state, die verwisseling van magsfaktore en die gevoel dat 'n nuwe balans gesoek moet word in nuwe magsgroeperinge.

„Die mees gewaagde eksperimente is gemaak op die politieke en die ekonomiese terreine, sommige met toekomsmoontlikhede, ander sommer mislukkings. Ons het totalitêre regerings gesien wat gestut was deur die rede enersyds en die volkswil andersyds en ons het sogenaamde populêre regerings gesien wat op die gesag van minderhede berus het.

„Die sosialisme van nasionalisasie en rantsoenering het sy rol gespeel en die kommunisme het oor groot dele van die wêreld gesprei. Ons het die sterfte van ekonomiese liberalisme aanskou en ons het gesien hoedat demokratiese regerings in die duister tas wanneer hulle voor die noodsaaklikheid van drastiese dissipline, wat die nuwe tye vereis, te staan gekom het.

### *Onmag en Angs van die Mens*

„Ons het weereens 'n uitbarsting ondervind van verdagte mensliewendheid teen die besit van koloniale gebiede; maar terselfdertyd moes ons aanskou hoedat bewinde van onderdrukking en kolonisasie afgedruk word op beskaafde en vrye volke. Ons het die gedwonge verskuiwing van volke gesien, omvangryker dan dié van barbaarse tye, sowel as wisseling van bevolkings en massa-moorde met die doel om sogenaamde politieke probleme op te los. Misdadigers het regters geword en eerlike mense veroordeel.

„Ons lewe in tye wat openbarend van aard is; in 'n tydperk van terugkeer en gewelddadige oorgang, wanneer die ou fondamente geskud word voordat die nuwes tot stand kan kom waarop die toekoms moet rus. Die naweë van hierdie skuddings tref sowel die groot massa as die klein élite. Die algemene bewustheid van die onveiligheid, onbestendigheid en onsekerheid van die bestaande orde het 'n wydvertakte gevoel van angs, ontevredenheid en kommer by mense laat ontstaan. Dit is 'n kwaal wat die mense se lewe en sy arbeid van nul en gener waarde kan maak as dit nie is dat die menslike instink om te lewe en te werk vir 'n bestaan oorheersend is nie.

„Dit is derhalwe, onder hierdie omstandighede, verstaanbaar dat gebeurtenisse op byna alle terreine die mens oorheers; en dat die mens nie meer in staat voel om gebeurtenisse te beheers nie, maar gedwee sy onmag om dit te beheer erken.

„En al hierdie dinge het in slegs twintig jaar gebeur. Watter mag tot vernietiging en chaos lê nie in hierdie toestande opgesluit nie."

Ek beskou hierdie kernagtige beskrywing van ons tye 'n meesterlike samevatting. Hoe meer keer 'n mens dit lees hoe meer wysheid put 'n mens daaruit.

### *Kolonisasie-met-Idees*

Voorts sê Salazar dat 'n volk wat homself wil handhaaf onder die omstandighede wat vandag in die wêreld heers hom moet veranker in sy eie tradisies en dat hy sy hede moet skep ooreenkomstig die waardes, beskouinge en wyshede waaruit sy verlede saamgestel is. Die volk moet hom skaar rondom idees wat tradisioneel beproef is en voortstrewe met geloof in daardie idees. Dit is Salazar se mening dat Europa vandag „gekoloniseer" word deur die idees van die twee strydende groot moondhede, Amerika en Rusland, omdat Europa die onvermoë openbaar om sy hede te skep ooreenkomstig die idees waarop sy tradisie berus. En dit is sy oortuiging dat ongeag watter van die gedagte-kolonisasies mag wen dit die ondergang of minstens die verwonding van die Europese beskawing sal beteken. Die Nuwe Portugal dra op beskeie wyse sy deel by tot die herskepping en voorsetting van die Europese beskawing.

### *Onverdraagsaamheid Teenoor Gesag*

Ten slotte noem ek nog 'n gedagte wat Salazar uitgespreek het. Hy sê: „Die wêreld ly baie lankal aan 'n siekte wat genoem mag word: onverdraagsaamheid teenoor gesag; en die wêreld ervaar lankal die naweë daarvan." Hy sê dat die gewone mense wat soek na bestendige gesag net maar wisseling van regerings kry. En dit lyk asof moderne state hulle progressiwiteit meet aan die snelheid waarmee hulle van regerings kan verwissel. Die Portugese verwerp hierdie gedagte as absurd. Wat die wêreld en indiwiduele state vandag nodig het is kontinuïteit van gesag sodat 'n opbouende en voortgesette langtermynbeleid aangepak en uitgevoer kan word.

Dit is maar slegs 'n paar onvolledige aanhalings uit Salazar se toespraak; maar ek dink dit is genoeg om te bewys dat Salazar 'n denkende leier is wat nie kletspraatjies van die partypolitikus kwytraak nie. En liewe hemel! vir daardie leë kletspraatjies is ons darem al baie sat.

### *Oud-geïnterneerdes in die Steek gelaat*

My leser „Sondebok" uit Murraysburg skryf: „Dit is baie interessant om die partypolitici se vrees vir die verlies van stemme gade te slaan. Ek wil 'n voorbeeld noem.

„Hulle is so bang om Engelse stemme te verloor dat hulle glad nie wetgewing wil indien om die oud-geïnterneerdes te vergoed nie. Nou gaan hulle net oud-geïnterneerde staatsamptenare vergoed — omdat dit sonder wetgewing kan geskied.

„Natuurlik is ons bly dat die onskuldige staatsamptenare vergoed gaan word. Maar wat van die ander oud-geïnterneerdes wat ook onskuldig is? Waarom nie ook hulle plig teenoor daardie oud-stryders doen nie?

„Onmiddellik na die afloop van die oorlog het Kanada sy geïnterneerdes vergoed. Dit was 'n goeie voorbeeld wat gestel is.

„Daar is honderde oud-geïnterneerdes wat finansieel gebreek is deur hul internering. Was dit nie vir die bystand wat deur die O.B. se Noodhulpfonds verleen is nie sou baie van die slagoffers van internering se vrouens en kinders honger gely het terwyl hulle in die kampe gesit het.

„Almal hierdie mense het gehelp om die Nasionale Party aan bewind te bring. En vandag word hulle in die steek gelaat terwille van die jag agter 'n paar Engelse stemme aan.

„Dit is weer 'n sprekende bewys waartoe die ewige stemjagtery 'n politieke party kan dryf. Ek daag die partypolitici uit om te bewys dat daar enige ander konsiderasie was wat hulle gedryf het om die oud-geïnterneerdes in die steek te laat."

# LANDSKULD BYNA VERDRIEDUBBEL

**Die oorlog in Korea het Suid-Afrika tot 31 Maart hierdie jaar reeds £3,150,000 gekos.**

**Die landskuld van die Unie het sedert 1939 bykans verdriedubbel. In daardie jaar was dit £270 miljoen teenoor £781 miljoen verlede jaar. In 1949 was dit £644½ miljoen en aan die einde van die oorlog £569 miljoen.**

# Nuwe Intekenare

**Gedurende die afgelope week het Die O.B. weer elf nuwe intekenare bygekry. Ons hartlike dank aan die lesers wat hulle gewerf het.**

Mr. S. van der Walt, Kaapstad, het 'n nuwe leser vir ses maande gewerf; mev. J. Theron, Koffiefontein, twee vir 'een maand; mnr. J. B. Augustyn, Calvinia, een vir vier maande; mnr. J. de G. Genis, Kamieskroon, een vir een jaar; mnr. P. P. van Rooyen, Potgietersrust, vier vir een jaar; mnr. F. Lodding, Middelburg, Tvl., een vir ses weke; en mnr. M. J. Louwrens, Vryburg, een vir een jaar.

Ons oproep is: Laat die werwingsveldtog voortgaan!

Aan die einde van Augustus sal drie biltongpryse aan die baaswerwers toegeken word.

# PARTYE VERDEEL VOLK MET KUNSMATIGHEDE

**Die redakteur van die onafhanklike weekblad Dagbreek, wat oor die algemeene 'n pro-regeringstandpunt huldig, het dit nodig gevind om in die paar jongste uitgawes die politieke partye in die bek te ruk. Hy toon aan hoe daar na kunsmatighede gegryp word om stryd teen mekaar te verwek:**

**„Ek wil die vraag stel of die tyd nie aangebreek het vir ons politieke partye om in alle erns te dink aan uitskei met die metodes wat in die afgelope twaalf maande in die politieke kryt aangewend word nie," skryf mnr. Willem van Heerden en verwys dan na die wedersydse beskuldigings van „kommunisme" en „fascisme" waarmee die regerings- en opposisiepartye mekaar by die publiek aankla. Geen eerlike Verenigde Partyman, aldus die skrywer, sal met die hand op die hart kan sê dat hy glo die Nasionaliste is Nazis nie, en geen nugtere Nasionalis sal eerlik kan sê hy glo dat die Verenigde Partymense werklik kommuniste is nie.**

„Daar is gesonde en redelike argumente aan te voer vir en teen die Regering se Hoë Hofwet. **Maar die manier waarop ons partye mekaar bestry en besmeer, gee openbare mening eenvoudig geen geleentheid om met 'n redelike ope gemoed die argumente voor en teen te begryp en teen mekaar op te weeg nie . . .**

**„Gevolg is dat ons partypolitiek geen proses meer is van objektiewe ontleding en keuse tussen standpunte nie. Dis uit die staanspoor 'n geval van emosionele dronkenskap — en van die groteske perspektiewe wat daarmee gepaard gaan. Op hierdie manier word ons stadigaan blind vir alle rede; alle basiese goeie wil tussen ons bevolkingsgroepe word uitgeroei; en elke onbevange waarnemer kan sien hoedat dit Suid-Afrika is wat uiteindelik die gelag gaan betaal."**

### TWEE VOORBEELDE

Op 15 Junie kom mnr. Van Heerden weereens terug op die bedenklike taktiek van die partypolitici en verwys hy na twee gebeurtenisse — een aan elke kant — wat die kunsmatigheid van die stryd onderstreep:

„Die eerste is 'n personderhoud van dr. Malan aan die begin van die week waarin hy die Verenigde Front van die Opposisie beskuldig dat hulle nou ‚geen parlement en geen verkiesing meer (wil) hê nie, (maar) mik op 'n wit-swart Kommunistiese rewolusie.' Aanleiding tot dié onderhoud was 'n ‚geheime pamflet' van die Springbok-legioen, waarin alle opposisie-elemente o p g e r o e p word tot 'n landswye staking teen die Regering.

### WAS DIT 'N DIENS?

„Dis natuurlik 'n roekelose suggestie wat in geen demokratiese land tuishoort nie. Die Eerste Minister sou alle rede gehad het om na aanleiding daarvan die Opposisie se aandag te vestig op wat besig is om uit te broei onderwyl hulle met sulke geïnfleerde woede veg teen denkbeeldige ‚gevare.' Maar op grond van dieselfde oorwegings wil ek vra: Was dit 'n diens aan Suid-Afrika om te suggereer dat die hele opposisie-front, verteenwoordigende min of meer die helfte van die bevolking, aandadig is aan 'n wit-swart rewolusie-plan of daarvoor te vinde sou wees?

**„Feit is dat die pamflet nie ‚geheim' was nie; dit is die hele land deur gestuur, ook aan ons; dat mnr. Strauss geweier het om die Springbok-legioen aan te neem as deel van hulle ‚Verenigde Front'; en dat hy ook aan die Springbok-legioen geskryf het of afkeer van hulle ingevoerde taktiek te kenne te gee.**

### KIESERSLYS-VERSINSEL

„Ek kom by die tweede insident. Weke lank word nou al in die Verenigde Party-pers daarop gesinspeel dat 'n stelselmatige veldtog aan die gang sou wees om V.P.-ondersteuners van die kieserslys te verwyder.

„Agtergrond vir hierdie storie is, sover ek kon nagaan, die volgende: met die beste bedoelings om die kieserslys so volledig en korrek as moontlik te kry, het die Minister van Binnelandse Sake opdrag aan registrasiekantore gegee om die kieserslys te vergelyk met die jongste sensusopgawe.

„As 'n adres op die kieserslys nie ooreenkom met die adres in die sensus-opgawe nie, word aan die betrokke kieser geskryf dat sy naam van die lys verwyder sal word tensy hy aandui dat die adres op die kieserslys nog korrek is.

„Teoreties was dit 'n goeie plan, en dit behoort nog die begeerde resultate af te werp as d'e publiek in die regte gees saamwerk. Ongelukkig is daar 'n paar swakhede. In die eerste instansie die menslike faktor, wat foute onvermydelik maak; in die tweede instansie wil dit voorkom asof in die sensus-opgawe self verrassend baie onnaukeurighede voorkom; in die derde instansie ontbreek in baie gevalle 'n hulpvaardige gees.

### GEVAARLIKE WEELDE

„Baie kiesers het op die gevraagde manier reageer, en registrasiekantore van die inligtings voorsien. Ander het egter òf vanweë politieke kwaadwilligheid òf omrede van die chroniese suspisie waarmee hulle ingeprent word om elke stap van die Regering te bejeën, na die koerante gehaas en op opsetlikheid gesinspeel. 'n Ganse

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

nuwe agterdog-veldtog is op grond daarvan van stapel gestuur.

**„En verlede Maandag het niemand minder nie as oud-minister H. G. Lawrence aan die fantastiese suggestie substansie probeer gee deur in die Volksraad ‚diepe besorgdheid' oor die kieserslys voor te gee en die Regering te beskuldig van 'n ‚veldtog om V.P.-stemme te verminder!'**

**„Albei gevalle is voorbeelde van hoedat dikwels nie net werklike verskille ons verdeel nie, maar hoedat, terwille van partyvoordeel, die een groep met die mees vergesogte beskuldigings by die ander in 'n verkeerde lig voorgestel word. Die vraag is of, en vir hoe lank nog, die betreklike klein blanke bevolking van die Unie hulle die weelde van hierdie tipe partypolitiek durf veroorloof."**

# KWAAD OMDAT HUL BELEID AANVAAR IS

**Die verskynsel in die partypolitiek dat die een party vir die ander kwaad word as hy die ander se beleid aanvaar — omdat 'n goeie strydpunt dan verlore gaan — het hom die afgelope weke weereens geopenbaar toe die oud-minister van naturellesake, maj. P. V. G. van der Byl, voorgestel het dat die huidige minister van naturellesake se salaris verminder moet word omdat hy dan die Verenigde Party se beleid sou oorgeneem het.**

Ter ondersteuning van sy voorstel het die maj. Van der Byl aangevoer dat die Nasionale Party in 1948 voor die verkiesing 'n manifes uitgereik het waarin algehele apartheid as beleid verkondig is. Hierdie beleid, aldus die majoor, is later deur die Nasionale Party verloën toe dr. Malan die standpunt van die kerke, wat ook algehele segregasie as beleid aanvaar het, verwerp het. „Sedertdien was daar 'n vloedstroom verklarings wat almal daarop gemik was om die manifes van 1948 oorboord te gooi. Die minister van naturellesake, wat hom as 'n apostel van algehele apartheid voorgedoen het, het, toe hy minister geword het, die behoefte van 'n blywende naturellebevolking in die stede ingesien en 'n skema ingevoer wat naturelle toelaat om hul eie huise in afsonderlike dorpies te bou. Dit was alles deur die Fagankommissie aanbeveel, wat die Nasionaliste geheel en al verwerp en hewig aangeval het."

**As daar eerlikheid in die partypolitiek was, sou mens nie 'n voorstel van die V.P. om die minister se salaris te verminder, verwag het nie, maar 'n hartlike gelukwensing en 'n aanbod om nou saam te werk aan die gemeenskaplike beleid.** Maar die opposisie vind veel meer voordeel daarin om die regeringsparty as inkonsekwent aan die kiesers voor te hou as om verheug te voel oor die „bekering."

# BESORGDHEID OOR VLIEËNDE PIERINGS

**Amptelike kringe in Amerika voel blykbaar nie te gerus oor die „vlieënde pierings" wat in die afgelope jare in daardie wêrelddeel heelwat opspraak verwek het nie, te oordeel na 'n bevel wat so pas deur die opperbevel van die lugmag uitgereik is.**

**Radarstasies het opdrag ontvang om op die uitkyk te wees vir vlieënde pierings en spesiale kameras om behulpsaam te wees in verband daarmee word uitgereik. Ook instrumente wat bedoel is vir die opsporing van beheerde projektiele word omskep vir toepassing op vlieënde pierings.**

Terwyl die Amerikaanse lugmag in 1949 alle berigte oor vlieënde pierings as versinsels verwerp het, het die minister van die lugmag nou aangekondig dat die lugmag belangstel in enigiets wat in die lug gebeur en dat terwyl baie van die verskynsels opgeklaar is, in die geval van sommige geen verklaring gevind is nie. „In die huidige wêreldtoestand kan ons dit nie bekostig om gerus te wees nie," het hy gesê.

Alle uitkykstasies het ook opdrag ontvang om van 14 Julie af dag en nag onafgebroke op die loer te wees vir vliegtuie.

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW**, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAAR-WONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. **BOERE-GENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** C1/9/49

**ANTIGRYS herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEES-MIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. **Raadpleeg Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 3)1/9/49

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 18/6/5B



# VERENIGING VAN EUROPA WORD VERHOED

As 'n mens die wese van die Franse en Engelse eise en teen-eise tot skepping van 'n Europese leër — en die kompromis van Parys—op hulle sosiologies-realistiese en staats- en regsfilosofie verdienste ondersoek, kom jy tot die onomstootlike gevolgtrekking dat die skepping van 'n verenigde Europa van die begin af glad nie gewens was nie.

Hulle praat oor die Vereniging van Europa — maar hulle bedoel: deling van Europa.

Hulle praat oor die Europa-leër — maar bedoel: Vreemde Legioen.

Hulle praat van Verenigde Europa — maar bedoel: Duitse steenkool.

Hulle gee Duitsland 'n „generale verdrag" wat in sy omvang en uitwerking saam met die verdedigingsverdrag baie gevaarliker is as die verdrag van Versailles.

Die hoofsweep van die valse politiek, die Sionist-Marxistiese Internasionale, het baie paslik vir Adenauer, Schuman en De Gasperi as hulle fopspeen gekies. Dié manne is leiers van Katolieke partye maar hulle word deur die anti-christelike magte as stormramme teen hulle eie volke gebruik.

Die draadtrekkers van die geheime Wêreldregering verstaan dit meesterlik om die onenigheid van Europa te bevorder en ander daarmee te belas. Terwyl aan die een kant — Engeland en Duitsland—as die draers van 'n Verenigde Europa gepropageer word — torpedeer hulle aan die ander kant die idee deur middel van Churchill, die vriend van Baruch.

Toe Churchill in die Engelse parlement gevra is wat sy standpunt is omtrent 'n Verenigde Europa, antwoord hy veragtelik: Tussen propageer en daad is 'n baie groot onoorbrugbare kloof.

### ENGELAND SE ONGELUK

Churchill se intimus, Lord Salisbury, wat tot die kring van ingewydes behoort, het onlangs oor die B.B.C. se Europa-diens sy torpedo afgeskiet. Lord Salisbury het gesê: „As Engeland aan 'n vereniging van Europa deelneem, sal dit die grootste ongeluk wees wat Engeland ooit geteister het. Nie alleen polities nie maar ook ekonomies."

## Deur Ski

Die kat is uit die sak en dit sal vir Engeland nie moontlik wees om hom weer te vang nie. Dit sal ook nutteloos wees aangesien die nasionale Duitsland dié feit met onuitwisbare skrif in sy boek van geskiedenis geskrywe het. Die jonge Duitsland, die Duitsland van môre wil met Engeland niks te doen hê nie.

Minister Schuman se beswaar dat Frankryk in die eerste instansie bekommerd is oor sy veiligheid is niks anders nie as 'n omskrywing van die werklikheid, nl. **„Frankryk is besorg dat as hy nie die Zaargebied met sy steenkoolmyne kry nie, hy op ekonomiese gebied met Duitsland nie kan konkurreer nie."**

Amerika en Rusland — ofskoon verteenwoordigers van kapitalisme en kommunisme — se beswaar teen 'n verenigde Europa is op dieselfde neiging gebaseer. Altwee sal alles doen, ja selfs in die oorlog gaan om te verhinder dat Europa 'n Verenigde Europa word.

Waarom?

### STERKSTE MOONDHEID

Om die eenvoudige rede dat as Europa verenig sal hy met sy 350 miljoen mense Amerika en Rusland absoluut oortref. In oppervlakte is Europa natuurlik kleiner as Amerika en as Rusland. Maar Europa het meer bewerkte land as enige ander kontinent. Minerale is volop en in groot verskeidenheid. In staalproduksie staan Amerika bo Europa en Rusland maar Europa se industrieë is en bly die mees belangrikste in die wêreld.

Daar bestaan geen twyfel dat Europa in staat is om sy eie mense tot 'n hoë lewenspeil te bevorder, en boweal veiligheid te gee nie.

Van die standpunt van mannekrag het die totale getal inwoners nie so 'n groot betekenis nie maar die totale getal ambagsmanne is een van die gewigtigste faktore op die weegskaal van Wêreldpolitiek. As Europa verenig is hy Wêreldmoondheid III, en Wêreldmoond III beteken die derde krag in die Wêreldpolitiek.

**Die IIIde Wêreldmoondheid sal nie kapitalisties maar ook nie kommunisties wees nie en dit is die groot bekommernis van die Sionist-Marxistiese Internasionale. Daarom moet op bevel van die geheime Wêreldregering kapitalisme en kommunisme verhinder dat Europa verenig.**

Kapitalisme en kommunisme is kinders van die Sionist-Marxistiese Internasionale. Hulle is tweelingbroers. Hulle is vlees van gelyke vlees en gees van gelyke gees. Hulle is teenstanders van Christendom en om dié rede moet Europa, die draer van Westerse beskawing verdeel bly.

### DOELSTELLING

Maar die jong Europeërs het die gevaar besef en hulle het hul ten doel gestel om in die komende twintig jaar Europa te verenig.

Dit is 'n groot en eervolle taak, maar die moontlikheid van grootheid is nog nie die verrigting van grootheid nie en tog kan die besef van dié moontlikheid, die wil skep tot die daad. Sonder die gees kan die beste plan nie voltooi word nie.

Die jong Europeërs vertel aan hulle mense tot watter grootheid hulle Europa kan verhoog as hulle medeburgers gewillig is om te help. Hulle vertel aan die volk dat die teenswoordige politieke leiers in Europa niks anders is nie as gedugte knegte in diens van kapitalisme wat die oogmerk het om die vereniging van Europa te saboteer.

Die ou politici goël met produksie en kapasiteit; hulle dink dat die Russe nie sterk genoeg is om aan te val nie. Hulle het uitgereken dat as Europa verdeel bly hulle die base bly. Maar die volke van Europa wil niks hoor van oorlog, oorwinning of neerlaag nie. Hulle ken die planne van die geheime wêreldregering, hulle weet dat dit 'n beslissing is dat miljoene moet sterwe sodat Europa verdeel bly.

Maar die volke van Europa wil dat nuwe paaie bewandel moet word, paaie na vereniging, na vrede.

Hulle weet dat Renaissance nie sal gebore word uit steenkool, staal of onderdrukking van die wit ras nie. Hulle weet dat vereniging van Europa 'n saak van idealisme en geloof is. Daarom luister hulle na die jong leiers wat oor die ondergang van die Westerse kultuur praat en as leuse het:

Vir Vryheid en Reg
lewe Verenigde Europa.

## S.A. se Waarde

Suid-Afrika is feitlik die enigste oorgeblewe kapitalistiese land in die wêreld, het Hore-Belisha, voormalige Britse minister van oorlog, in 'n persondehoud verklaar nadat hy 'n besoek aan die Unie gebring het. Hy het gesê dat daar onbeperkte geleentheid vir onderneming in ons land is.

**In verband met Suid-Afrika se strategiese betekenis het hy gesê dat ons land ver verwyderd is van die gevare wat Europa bedreig en dat hy in geval van oorlog van groot waarde as basis vir die Weste sal wees.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# BRITTE WEIER PROTEKTORATE

**Luidens 'n berig in Die Landstem het die Britse regering kennis gegee dat die Britse Protektorate, Basoetoeland, Betsjoeanaland en Swasieland, nie aan Suid-Afrika oorgedra sal word nie. Die berig is afkomstig van die blad se spesiale verteenwoordiger in Londen. Dit lui:**

„In hoë diplomatieke kringe in Londen is nou aan Die Landstem meegedeel dat die Britse regering baie reguit en baie duidelik aan dr. Malan laat weet het dat hy (die Britse regering) nie kans sien om die Protektorate aan die Unie oor te dra nie.

„Dit was nadat dr. Malan verlede jaar op Oos-Londen bekend gemaak het dat hy die volk gaan vra om oor die inlywing van die gebiede te stem.

### WEIERING

„In Mei vanjaar het die Eerste Minister weer herhaal dat hy by die volgende verkiesing die volk 'n mandaat gaan vra om die gebiede by Engeland te eis.

„Maar intussen het die Britse regering al deur diplomatieke kanale aan dr. Malan laat weet dat hy nie kan dink aan die oordrag van die Protektorate nie.

„Veral soos sake nou in Engeland staan en ook met die oog op die sterk gevoel daar teen die Unie-regering, is daar geen sprake dat 'n Britse regering die gebiede aan die Unie sal gee nie.

### SUID-RHODESIË

„Die Britte het nou ook ontdek dat hulle reeds in 1896 'n belofte aan Suid-Rhodesië gegee het dat hy die gebied van Betsjoeanaland kan inlyf. Daardie belofte is nog nooit verloën nie, en in Londen word verklaar dat dit dus 'n fout was toe die Britse regering in 1910 met die totstandkoming van die Unie Betsjoeanaland ook aan die Unie beloof het.

„Hulle sê nou in Londen dat Suid-Rhodesië 'n sterker eis op Betsjoeanaland het as die Unie en dat klousules 150 en 151 van die Unie-grondwet nie gerym kan word met die Britse belofte aan Suid-Rhodesië in 1896 nie.

## Hot en Haar na Londen

Churchill het in die Britse parlement die mening uitgespreek dat dit „baie noodsaaklik is om 'n ekonomiese Empire-konferensie so spoedig moontlik te hou."

Die uitlating is gedoen na aanleiding van vrae in verband met die Australiese eerste minister se pas afgelegde besoek aan Londen waar Menzies gevra is om sy land se bestellings van dollarlande te laat vaar en van Brittanje te koop.

Soos reeds in Die O.B. berig, sal min. Havenga gedurende September weer na Londen gaan vir ekonomiese samesprekings.


Vir Meubels en Radios Phil Morkel is u man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY **SANLAM** IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind – by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM

★

**O.B. JAARGANGE**

JAARGANG 1950—1951

Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.

PRAGTIG INGEBIND

*VOORRAAD BAIE BEPERK*

BESTEL DUS DADELIK BY:

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad

**O.B. VRIENDSKAPSENTRUM**

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

Vir

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om besonderhede

**NET 'N PAAR ITEMS**

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

| | |
|---|---|
| Giant Potloodskerpmakers | 24/3 |
| Elite Draadhegmasjiene | 38/0 |
| Dubbele Glas Inkpotte | 10/9 |
| Afrolpapier 13 dm. x 8 dm. | 10/2 |
| Tikpapier 13 dm. x 8 dm. | 12/0 |
| Tikpapier 10 dm. x 8 dm. | 9/0 |
| Losblad Grootboeke—alle groottes in voorraad vanaf | 88/0 |

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Keeromstraat 95, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071